

Hoofstuk 7

Engelenburg, die politiek en die Eerste Wêreldoorlog, 1910-1919

Inleiding

In 1910 het die vier kolonies¹ in Suid-Afrika verenig en het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom. Met die verkiesing kort ná Uniewording, het generaal Louis Botha eerste minister van die land geword en *De Volkstem* die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party, wat toe aan bewind was. Generaal Hertzog (1866-1942) het verskil van die politieke strominge van die tyd en het met 'n groep ondersteuners weggebreek om die Nasionale Party tot stand te bring.

Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het ook in Suid-Afrika 'n negatiewe uitwerking gehad. Die tweespalt tussen Afrikaner en Afrikaner en tussen Engelsman en Afrikaner wat reeds ná afloop van die Anglo-Boereoorlog ontstaan het, het verdiep. Die verraaiers en hensoppers se optrede en moontlike skuldgevoelens ná die oorlog is met weinig of geen simpatie deur die Afrikaners bejeën nie. In baie gevalle is die hensoppers en verraaiers nog lank ná die oorlog met intense aggressie veroordeel en hul families was uitgeworpenes in hul plaaslike gemeenskappe. Ook die bittereinders, wat gedurende die ABO saamgestaan het, het in 1914 weens onversoembare standpunte geskeur. Die skeuring het plaasgevind as gevolg van verskille oor wat lojaliteit teenoor die Afrikanersaak beteken. As gevolg van Botha en Smuts se versoeningsbeleid teenoor Engelssprekendes is die twee generaals se rol as bittereinders in twyfel getrek en selfs misken.²

Engelenburg was in 1914 reeds 25 jaar aan *De Volkstem* verbonde. Sy vriende, kennisse en kollegas het gemeen dat die geleentheid nie ongemerk verby kon gaan nie en het dit op gepaste wyse gevier. Ook *De Volkstem* het nie gedurende die Eerste Wêreldoorlog ongeskonde daarvan afgekom nie en die gebou moes 'n paar keer onder geweld deurloop. Kort voor die einde van die oorlog het Engelenburg na Brittanje vertrek om die oorlogsituasie te gaan waarneem. Ná die

¹ Kaapkolonie, Natal, Transvaal en Oranjerivierkolonie.

² A. Blake, *Boereverraaiers: teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog*, pp. 257-261.

oorlog het hy in 1919 in Frankryk 'n rol gespeel deur generaals Smuts en Botha by te staan tydens die vredesonderhandelinge in Versailles. By sy terugkeer in Suid-Afrika het hy weer die leisels by *De Volkstem* opgeneem.

Die Unie van Suid-Afrika

Uniewording in 1910 het 'n nuwe stryd ingelei wat gekenmerk is deur provinsialisme, politieke naywer en 'n wedloop om 'n politieke magsposisie.³ Engelenburg het reeds in 1909 vas geglo dat Botha as die eerste premier aangewys sou word en het gemeen dat:

Indien 't ons gelukt om een grote afrikaanse party te krygen, met een talryke element van 'Engelsen', dan kunnen wij 't 'n heel eind ver brengen.⁴

Die nuwe goewerneur-generaal vir suidelike Afrika, lord H.J. Gladstone (1854-1930),⁵ het op 17 Mei 1910 in Suid-Afrika aangekom, terwyl die uittredende hoë kommissaris, lord W.W. Selborne (1859-1942), die volgende dag na Engeland vertrek het.⁶ Ná deeglike beraadslaging met al die partye het Gladstone sy besluit bekend gemaak en is generaal Louis Botha op 21 Mei 1910 versoek om die eerste Unie-kabinet saam te stel.⁷ Dit was 'n moeilike taak. Daar was soveel aanspraakmakers op die poste dat dit onmoontlik was om almal tevrede te stel en die samestelling van die kabinet het noodwendig teleurstelling tot gevolg gehad. Engelenburg het reeds in Januarie 1910 sy kommer hieroor uitgespreek. Dit sou onmoontlik wees om aan elk van die politici 'n plek te gee op grond van die verdienstelikheid wat hulle vir hulself opgeëis het. Engelenburg het Botha aangeraai om hom nie te vroeg teenoor sy politieke vriende wat sy eventuele kabinet betref, te verbind nie.⁸

³ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel VI, 1910-1924, p. 109.

⁴ A.H. Marais (red.), *Politieke briewe 1909-1910*, deel I, F.V. Engelenburg – F.S. Malan, 06.01.1910. p. 75.

⁵ Lord Gladstone was die eerste goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, van 1910 tot 1914.

⁶ N.G. Garson, *Louis Botha or John X. Merriman: the choice of South Africa's First Prime Minister*, p. 11.

⁷ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel VI, 1910-1924, p. 109. Sien ook N.G. Garson, *Louis Botha or John X. Merriman: the choice of South Africa's First Prime Minister*, p. 11.

⁸ O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party I*, p. 79.

Botha het dadelik sy sterkste opponent, John X. Merriman (1841-1926),⁹ 'n portefeulje aangebied, maar dié het dit van die hand gewys. Botha het ook las gehad van J.W. Sauer (1850-1913)¹⁰ en die Natallers en kon slegs daarin slaag om hulle te betrek nadat hy aan Natal die aanbod van 'n bykomende minister sonder portefeulje in die kabinet gemaak het. Botha was ook verplig om, half teen sy sin, J.B.M. Hertzog in die regering aan te stel. Laasgenoemde was onpopulêr by Engelssprekendes weens sy onderwysbeleid in die Oranjerivierkolonie.¹¹ Op 31 Mei 1910 was die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika 'n voldonge feit. In *De Volkstem* het 'n jubelkreet verskyn.¹² Die ideaal van die vereniging van die Engels- en Afrikaanssprekendes was egter nog lank nie verwesenlik nie. Baie mense het gedink dat dit 'n onmoontlike ideaal was.¹³ Ná die mislukte poging van sir Leander S. Jameson om 'n koalisieregering te verkry, het Jameson die Unionisteparty in Bloemfontein gestig. Dit was eintlik 'n amalgamasie van die Progressiewe Partye van die verskillende provinsies. Generaal Botha het hom teen 'n koalisieregering uitgespreek, maar het dit nodig gevind om Jameson, wat koalisie voorgestaan het, versigtig te hanteer. Hertzog was van mening dat Botha die volk se belange veronagsaam en opgeoffer het ten einde gewildheid by die teenparty (die Engelse) te behaal.¹⁴ As eerste minister het Botha 'n versoeningsbeleid tussen Afrikaans- en Engelssprekende landgenote gepropageer. Een van die redes vir sy beleid kan moontlik daarin gesoek word dat hy 'n Vrymesselaar was.¹⁵ Die Vrymesselary het hulle ten doel gestel om mense bymekaar te bring wat anders geskei sou gebly het. Die groot aantal Vrymesselaars in die Unie van Suid-Afrika en die samewerking tussen die verskillende losies het ongetwyfeld baie bygedra tot 'n beter

⁹ John Xavier Merriman was die laaste premier van die Kaapkolonie voor die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom het.

¹⁰ Jacobus Wilhelmus Sauer was 'n prominente Afrikaanse liberale politikus van die Kaapkolonie.

¹¹ J.H. le Roux, P.W. Coetzer, A.H. Marais (reds.), *Generaal JBM Hertzog: sy strewe en stryd*, deel 1, pp. 113-114. Sien ook G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel VI, 1910-1924, pp. 110-111.

¹² Redaksionele kommentaar, "Zuid-Afrika is verenigd. 't Is nog als een droom!", *De Volkstem*, 31.05.1910.

¹³ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel VI, 1910-1924, pp. 116-117.

¹⁴ J.H. le Roux, P.W. Coetzer, A.H. Marais (reds.), *Generaal JBM Hertzog: sy strewe en stryd*, deel 1, pp. 109-110. Sien ook G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel VI, 1910-1924, pp. 111, 117-118.

¹⁵ A.A. Cooper, *The Freemasons of South Africa*, pp. 77, 100.

verstandhouding tussen die verskillende groeperinge van die mense in die land.¹⁶ A.A. Cooper het ook soos volg bevind:

Now the motivation for an independent masonic authority in South Africa had political overtones, with masons viewing the concept of a union in South Africa as a prelude to a masonic union.... The masonic journals of the day, unfettered by masonic authorities, led the campaign for closer union and independence.¹⁷

Toe H. van Tongeren (1876-1941), Grootmeester der Orde van Vrijmetselaren, in 1932 in Suid-Afrika was, het hy besoek gebring aan talle van die Afrikaanse losies wat onder Nederlandse jurisdiksie was. Tydens Van Tongeren se besoek was daar 50 losies onder Nederlandse jurisdiksie, waaronder 15 in die Oranje-Vrystaat, 12 in Transvaal en 2 in Suid-Rhodesië (nou Zimbabwe).¹⁸ Naas die bande gevorm deur die ooreenkoms in taal, het daar tussen Suid-Afrika en Nederland nog ander bande bestaan wat in die loop van die eeue in stand gehou is. In die tyd van die Oos-Indiese Kompanjie is die Nederlandse Hervormde Kerk, sowel as die Nederlandse Vrymesselary, in die toenmalige Kaapkolonie gevestig.¹⁹ Ten gevolge van die historiese ontwikkeling in Suid-Afrika het daar vier grootlosies naas mekaar gewerk. Naas die Nederlandse, wat die oudste was, was daar die grootlosies van Engeland, Ierland en van Skotland.²⁰ Van Tongeren het in 1932 ook in Pretoria by generaal J.B.M. Hertzog, wat toe eerste minister was, en generaal Jan Smuts (1870-1950), besoek afgelê. Volgens Van Tongeren was nie een van hulle 'n Vrymesselaar nie.²¹

Hoewel dit tot dusver nog nie vasgestel kon word nie, bestaan die vermoede dat Engelenburg ook 'n Vrymesselaar was. Dié bewering word versterk deur die feit dat Engelenburg na 'n geselligheid van die Hertog van Connaught (1850-1942) genooi is toe dié in 1910 op besoek aan

¹⁶ H. van Tongeren, *Culturele betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*, p. 24.

¹⁷ A.A. Cooper, *The Freemasons of South Africa*, p. 96.

¹⁸ H. van Tongeren, *Culturele betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*, p. 24. Sien ook A.A. Cooper, *The Freemasons of South Africa*, pp. 16-17.

¹⁹ H. van Tongeren, *Culturele betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*, p. 7.

²⁰ A.A. Cooper, *The Freemasons of South Africa*, p. 96.

²¹ H. van Tongeren, *Culturele betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*, p. 26.

Suid-Afrika was om die hoeksteen van die Uniegebou te lê.²² Connaught was grootmeester en ook hoof van die grootlosie van Engeland. Engelenburg se werksaamhede in Suid-Afrika toon sterk ooreenkomste met die strewe van die Vrymesselary in Suid-Afrika volgens 'n adres wat aan Van Tongeren by die Pretoria-losie, De Broederband, gelewer is, waarin onder andere die strewe

... om leiding te geven bij de vervulling van onze taak: en mensch en de menschheid op te heffen tot hooger geestelijk en zedelijk peil ... dat de Vrijmetselarij, hoe internationaal ook in wezen en strekking, een culturele factor is van groote beteekenis, ook voor den opbouw van een eigen Zuid-Afrikaansche cultuur.²³

President Kruger was nie 'n Vrymesselaar nie. Sy voorgangers, presidente M.W. Pretorius en T.F. Burgers, was wel.²⁴ Die rede waarom Kruger nie daartoe behoort het nie, kan moontlik gevind word by die kerksinode van 1863 wat in Rustenburg gehou is. Die sinode het gewaarsku teen Vrymesselary en ander geheime genootskappe. Die sinode het verklaar dat iemand wat lid was van sulke genootskappe, geen lid van die Gereformeerde Kerk kon bly nie, aangesien die Christelike kerk 'n geestelike en openbare vereniging was en geen gemeenskap mag beoefen met verenigings wat vreemd aan sy geestelike en hemelse aard en natuur is nie.²⁵ Dit is bekend dat Kruger 'n toegewyde lidmaat van die Gereformeerde Kerk was. Die laaste boodskap, of Politieke Testament, wat president Paul Kruger kort voor sy dood in 1904 laat opstel het, is later uiteenlopend geïnterpreteer. De Wet, Steyn en Hertzog het “eenheid” verkondig volgens “Eendrag maak Mag”. Hulle het dit verstaan as 'n eenheid van die Afrikanerdom op grondslag van die volksverlede en was gekant teen konsiliasie ten koste van die beginsels en regte van die verowerde Afrikaners. Generaal Botha het die sentimente van die Vrymesselaars voorgestaan en vir hom het “eenheid” die samesnoering van Boer en Brit beteken, terwyl hy die belangrikheid van die volksverlede wat daarmee saamgaan, op die agtergrond geskuif het; “Eendrag”, “vergewe en vergeet” en 'n “nuwe begin” was die hoekpilare van sy konsiliasiebeleid.²⁶ Botha

²² Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Uitnodigingskaartjie van die Hertog van Connaught aan Engelenburg.

²³ H. van Tongeren, *Culturele betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*, pp. 26-27.

²⁴ A.A. Cooper, *The Freemasons of South Africa*, pp. 100-101. Albei, Pretorius en Burgers, se name verskyn op Losie De Goede Hoop, Kaapstad, se ledelys.

²⁵ S. du Toit, *Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis*, p. 121.

²⁶ F.A. van Jaarsveld, *Paul Kruger: simbool van 'n volk*, p. 93.

het hom beywer vir 'n beleid van versoening, of konsiliasie, soos hy dit genoem het, en het gehoop om nie net die Afrikaners – bittereinders, hensoppers en National Scouts – met mekaar te versoen nie, maar ook die Afrikaners met die Engelse. Hy het geglo dat Suid-Afrika 'n beter toekoms sou hê as deel van die Britse Ryk en dat die republikeinse ideaal op die lange baan geskuif moes word. In die Vrystaat het Abraham Fischer en Hertzog egter Afrikaner-nasionalisme aangewakker deur aan te dring op die handhawing van die Afrikaanse taal en kultuur. Die twee politieke denkrigtings, soos voorgestaan deur Botha aan die een kant en Hertzog aan die ander kant, sou moeilik met mekaar tot 'n vergelyk kon kom.²⁷

Ná Uniewording het *De Volkstem* die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party geword. Engelenburg moes voortdurend in gedagte hou dat Botha en Smuts die meerderheidsaandeel in *De Volkstem* gehad het en dat hulle van hom, as hoofredakteur van *De Volkstem*, verwag het om hulle politieke beleid te steun. In September 1910 moes 'n algemene verkiesing gehou word. Met die oog daarop het Botha 'n verkiesingsmanifes vir die Suid-Afrikaanse Party die lig laat sien. Hy het dit as eerste beginsel gestel dat 'n sukses van die Unie onder die Britse vlag gemaak moes word, en ten tweede was sy doel om in Suid-Afrika 'n groot nasie te skep wat 'n ereplek in die ry van nasies in die Britse Ryk kon beklee. Die verkiesingstryd het op 'n direkte konfrontasie tussen die twee taalgroepe uitgeloop. Ten spyte van Botha se konsiliasiepoging het die verhouding tussen die taalgroepe, Afrikaans en Engels, uiters gespanne geraak.²⁸ Die verkiesingstryd was dan ook nie baie bemoedigend vir die regerende party nie. Hulle het wel 'n meerderheid van 13 setels behaal, maar in Transvaal was die meerderheid slegs vier en in Kaapland sewe. Botha en Sauer was albei oortuig dat “Hertzogisme” vir die swak vertoning te blameer was, en as gevolg daarvan het die onderlinge verhouding in die regering grootliks verswak. Dit het niks goeds vir die toekoms voorspel nie en was die begin van 'n reuse politieke stryd waarin nie net Engels- en Nederlandssprekende Suid-Afrikaners teenoor mekaar stelling sou inneem nie, maar ook Afrikaner teen Afrikaner.²⁹ Soos reeds gemeld, was Engelenburg sterk gekant teen die koalisie-idee en hy het kritiek uitgespreek teen 'n komende Unioniste-kongres, wat in November

²⁷ F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 176-180.

²⁸ H. Spender, *General Botha: the career and the man*, p. 212.

²⁹ F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 232-234.

1911 plaasgevind het. In 'n ope brief het die redakteur van *The Pretoria News* daarop as volg reageer:

To the Editor of 'De Volkstem': As a journalist I have always admired you. You are a man of taste, an authority up-on art and music, a man of culture, and altogether an acquisition to any community.³⁰

Later in die brief het die kritiek gekom: "... When, however, we come to discuss your politics, my admiration withers away."³¹ Hy het gemeen dat Engelenburg 'n geswore vyand was teen alles wat Brits was – wel wat die politiek betref, maar nie op sosiale vlak nie. Hy het Engelenburg daarvan beskuldig dat hy uitstekend baklei het – min mense het besef hoe goed – om Suid-Afrika as 'n republiek te behou. Voorts is beweer dat Engelenburg 'n Britse onderdaan was met 'n teoretiese lojaliteit teenoor die Britse troon en die koning self, maar dat hy in sy hart 'n republikein gebly het, 'n Nederlander – nie 'n Suid-Afrikaner nie – en 'n opponent van Britse tradisies en ideale.³² Dit was 'n onregverdigde stelling. Hoewel Engelenburg gekant was teen koalisie, was hy ten gunste van 'n verenigde Suid-Afrika om Afrikaner en Engelsman te verenig.

Die eerste paar jaar ná Uniewording was ook die tydperk van politieke chaos in Suid-Afrika. Afgesien van Hertzog wat van die Suid-Afrikaanse Party weggebreek het, was daar ook 'n ander groep in die gemeenskap wat ontevrede was. Die kwessie van stemreg vir swartes is in 1902 by die Vrede van Vereeniging weggelaat. Die kwessie is in 1906 en 1907 met die toekenning van verantwoordelike regering en weer in 1910 met Uniewording op die lange baan geskuif.³³ *De Volkstem* het nie veel aandag gegee oor die kwessie van stemreg vir swartes of bruinmense nie en dit wil voorkom of Engelenburg meer besorg was dat Boer en Brit met mekaar oor die weg moes kom:

³⁰ Anon., "Open letter to the Editor of 'De Volkstem'", *The Pretoria News*, 18.11.1911.

³¹ Anon., "Open letter to the Editor of 'De Volkstem'", *The Pretoria News*, 18.11.1911.

³² Anon., "Open letter to the Editor of 'De Volkstem'", *The Pretoria News*, 18.11.1911.

³³ H.J.G. Kamffer, "n Seleksie van keerpunte voor en tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die aanloop tot die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902", Die sesde gedenklesing van die Vrede van Vereeniging, aangebied vir die Vriende van die Oorlogsmuseum, Melrose-Huis, 31.05.2014.

Niet in woorden maar met daden zal getoond worden hoe de meest gezaghebbende Transvaalse politici hun rijke ervaring zullen gebruiken tot 't sukses ener opbouwende zuidafrikaanse politiek, waartoe Boer en Brit gezamenlik kunnen meewerken.³⁴

Engelenburg het groot respek gehad vir lord Selborne, die laaste Britse goewerneur in Suid-Afrika, en hy het in *De Volkstem* heelwat aandag gegee aan die toesprake wat Selborne in April 1910 vóór sy vertrek na Brittanje gelewer het. Engelenburg het met hom saamgestem dat die blanke 'n verantwoordelikheid gehad het teenoor die kleurling-bevolking. Dat die kleurlinge op gelyke voet behandel moes word as die blankes. Selborne het gemeen dat:

't Is 'n histories feit, dat vóór de oorlog, de kleurlingen er werden geleid door blanken van wie ze mochten veronderstellen dat ze recht hadden te spreken namens de blanke bevolking.

En aan hen werden toen, vóór de oorlog, gelijke rechten beloofd.³⁵

Engelenburg het nie met Selborne saamgestem dat die dag sou kom dat die kleurlinge in Suid-Afrika deur gemeenskaplike optrede, saam met die swartmense, aan die hoof van die land sou staan nie.

't Werde met alle eerbied gezegd, maar we kunnen niet geloven in de alarmérende profetie van Z.Eksellentie. De kafferstammen van Zuidafrika verschillen te veel in taal, zeden, gewoonten en gebruiken dan dat in de naaste toekomst gemeenschappelijk optreden denkbaar is. De naturel staat, verder, schier nog vijandiger tegenover 'n bastaard uit 'n blanke en zwarte verbindtenis, dan de blanke.³⁶

Lord Selborne se voorspelling dat swartmense sou saamstaan teen die blankes, is reeds in 1912 bewaarheid met die stigting van die South African Native National Congress, wat sedert 1923 as die African National Congress (ANC) bekend staan.³⁷ Die kleurlinge het hulle daarna wel by die swartmense geskaar.

³⁴ Redaksionele kommentaar, "Bedaarde houding", *De Volkstem*, 24.03.1910.

³⁵ Redaksionele kommentaar, "Lord Selborne", *De Volkstem*, 12.04.1910.

³⁶ Redaksionele kommentaar, "Lord Selborne", *De Volkstem*, 12.04.1910.

³⁷ H.J.G. Kamffer, "n Seleksie van keerpunte voor en tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die aanloop tot die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902", Die sesde gedenklesing van die Vrede van Vereeniging, aangebied vir die Vriende van die Oorlogsmuseum, Melrose-Huis, 31.05.2014.

Oorlogswolke bou op in Europa en 'n krisis aan die suidelike punt van Afrika

Engelenburg se moeder het op 14 Junie 1912 in Prinsenhagen gesterf. Sy is in 's-Gravenhage begrawe. 'n Maand ná haar dood het Engelenburg op 13 Julie per boot van Kaapstad na Europa vertrek. Hy het beplan om onder andere, terwyl hy in Europa was, te soek vir 'n geskikte jong man wat die tekenwerk van die koerant kon behartig. *De Volkstem* het 'n persoon nodig wat goeie spotprente, portrette en dies meer kon teken. Volgens Preller was daar in Suid-Afrika selde iemand te vind wat werklik die tegniek van tekenmeester kon baasraak.³⁸ Engelenburg het ook na Liegburg naby Keulen, Duitsland, gegaan om na 'n drukpers te gaan kyk waarmee mooi illustrasies vir dagblaaie geproduseer kon word. Die drukpers het £1 000 gekos, maar dan moes die koper 'n bykomende £1 000 vir 'n lisensie betaal. Hoewel Engelenburg die pers baie graag wou hê, was dit te duur.³⁹ Nadat hy die familie en die graf van sy moeder in 's-Gravenhage besoek het, is Engelenburg in Augustus na 'n internasionale kongres vir joernaliste in Denemarke. Teen 18 September 1912 het hy van Stockholm 'n groete-telegram aan die ondervoorsitter van die Akademie, prof. A. Moorrees, gestuur met die woorde: *Viva![t] academia. Engelenburg!*⁴⁰ Op 21 September 1912 was hy terug in Amsterdam,⁴¹ waarna hy na Antwerpen gegaan het om die 32ste Nederlandsch Taal- en Letterkundig Congres by te woon.⁴² Dit was vir Engelenburg belangrik om die kongresse by te woon om sodoende op die hoogte te bly van wat in die wêreld gebeur. Dit het hom ook in staat gestel om die kennis wat hy daar opdoen, in Suid-Afrika aan te wend.

Gedurende die tye wat Engelenburg in die buiteland gereis het, moes Preller die leisels by *De Volkstem* hou. Waar Engelenburg ook al was, moes Preller hom voortdurend ingelig hou van wat by die koerantkantoor gebeur het. Engelenburg het ook nuus uit die buiteland gestuur wat Preller in *De Volkstem* moes opneem. In 1912 het oorlogswolke oor Europa gehang. Engelenburg het aan Preller geskryf dat die oorlogssituasie, wat die vorige week dreigend begin word het,

³⁸ Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, G.S. Preller – F.V. Engelenburg, 07.07.1912.

³⁹ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 17.10.1912.

⁴⁰ AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – A. Moorrees, 18.09.1912.

⁴¹ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 21.09.1912.

⁴² NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 17.10.1912.

gekalmeer het en dat die rusie tot die Balkan beperk sou bly. “... Zodoende behoef ik niet in alle haast terug te ijlen naar Pretoria!”⁴³ Skaars drie weke later het Engelenburg aan Preller geskryf dat Izaak Wallach hom gevra het om dringend na Suid-Afrika terug te keer. Hy het dadelik aan die versoek gehoor gegee en die daaropvolgende week het hy Nederland verlaat en per boot van Southhampton na Suid-Afrika vertrek.⁴⁴

Terwyl die oorlogswolke in Europa begin saampak het, was daar ook ’n krisis aan die suidelike punt van Afrika. Dit was teen daardie tyd duidelik dat Hertzog uit pas was met die res van die party, die regering en die kabinet. Die Botha-groep het as voorwaarde vir die heil van die land ’n deelgenootskap in ’n gemenebes van vrye Britse state gestel. Hertzog het nie met die SAP se beleid saamgestem nie. Vir hom moes die belange van Suid-Afrika bó dié van die Britse ryk gestel word en moes die staat sy heil soek in ’n soewereine staat met ’n republikeinse regeringsvorm, onafhanklik van die Britse gemenebes.⁴⁵ Hertzog het opruiende openbare toesprake begin hou om ondersteuners te wen – onder andere in Smithfield, Nylstroom, Waterberg en Stanger. In Vrededorp in Johannesburg het hy sy tweestroombeleid begin verkondig, wat in teenstelling was met Botha se konsiliassie-planne. Hertzog se De Wildt-toespraak in Desember 1912 het onmiddellik ’n groot krisis teweeggebring. Die gevolg was dat hy die Engelssprekendes in die arms van die opposisie, die Unioniste, gedryf het. Ook in die kabinet het daar verdeeldheid ontstaan.⁴⁶

Kort ná Engelenburg se terugkoms het Botha op 12 Desember 1912 die ministers bymekaar geroep. Hy het van Hertzog geëis dat hy sy onderneming gee dat hy voortaan geen toesprake oor die imperiale status van die Unie sou hou voor hy nie eers met die kabinet of met die premier daaroor gepraat het nie. Hertzog was nie daarvoor te vinde nie. Botha het tydens vele vergaderings vurig probeer om ’n breuk in die jong Unie te voorkom en toe dit onmoontlik blyk te wees, het hy Hertzog versoek om uit die kabinet te bedank. Toe Hertzog steeds weier, het

⁴³ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 17.10.1912.

⁴⁴ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 08.11.1912.

⁴⁵ J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd*, deel 1, p. 137.

⁴⁶ J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd*, deel 1, pp. 133, 143-144, 153-157.

Botha op 14 Desember 1912 as eerste minister bedank. Die kabinet is eweneens ontbind. Die goewerneur-generaal, Gladstone, het die bedanking aanvaar, maar het nog dieselfde dag vir Botha versoek om 'n nuwe kabinet saam te stel, wat hy gedoen het. Hertzog is uit die tweede Unie-kabinet weggelaat. Hertzog was 'n vurige patriot, maar wou dit nie opsy skuif vir 'n praktiese beskouing van die werklike toestande van die Unie en sy bonte bevolking nie. Hy het nie genoeg rekening gehou met andersdenkendes nie.⁴⁷

Ná unifikasie in Suid-Afrika het die blanke bevolking uit drie kategorieë bestaan: (i) die ekstremiste-Afrikaners; (ii) die ekstremiste-Engelse en (iii) die gematigde Afrikaners en Engelse, wat die redding van die land gesien het slegs in onderlinge samewerking in die openbare lewe.⁴⁸ Botha was die siel van die laasgenoemde beweging en die Suid-Afrikaanse Party die beliggaming daarvan. Die Engelse ekstremiste het sedert 1910 'n party-organisasie geword bekend as die Unioniste-party. Die ekstremiste-Afrikaners het toenemend na 'n eie party gehunker, met gevolglike uitbreiding van hulle invloed en uiteindelijke mag. Hulle het in Hertzog hulle voorvegter gekry. Ná die skeuring het Hertzog 'n guerrillastryd teen Botha begin en onrus onder die kiesers bevorder. Hertzog het homself beskou as die slagoffer en Botha moes dit ontgeld as die bose sondaar. Hertzog het ook daarin geslaag om die gematigde Engelse van die Suid-Afrikaanse Party te verdryf. Onder die Pretorianers wat by Hertzog gestaan het, het Tielman Roos nou die leiding geneem. Sy spreekbuis was Harm Oost se koerantjie, *Die Week*. Hierdie blad het in 1912 'n beskeie begin in die agterplaas van 'n drukkerij gehad. Oost was aanvanklik aan *De Volkstem* verbonde en het die bylaag *De Boer* behartig, wat soveel steun aan Hertzog gegee het dat Engelenburg Oost teen die einde van 1911 voor 'n keuse gestel het: óf die bylaag verander sy sienswyse, óf Oost moes 'n ander heenkome soek. Oost het verkies om te bedank en hy het vroeg in 1912 *Die Week* sonder enige kapitaal op die been gebring. *Die Week* het 'n volbloed-Hertzog-blad geword.⁴⁹ Adam Boshoff, wat tot kort tevore verbonde was aan die Departement Landbou, is daarna aangestel om die leiding van *De Boer* te behartig.⁵⁰

⁴⁷ J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd*, deel I, p. 161.

⁴⁸ J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd*, deel 1, pp. 107, 121-126.

⁴⁹ J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd*, deel 1,

Aan die einde van Desember 1912 het Engelenburg weer 'n paar dae by die Botha-gesin op die plaas deurgebring.⁵¹ Na alle waarskynlikheid sou hulle die politieke situasie van die land in oënskou geneem. Twee weke nadat Engelenburg by Botha op die plaas gekuier het, het Botha op 18 Januarie 1913 'n "Strikt privaat en konfidentieel" brief aan Engelenburg geskryf. Hy het na Hertzog se Smithfield-toespraak verwys en geskryf dat hy nog nooit 'n meer teleurstellende toespraak gelees het nie. Die probleem was dat dit daarna onmoontlik sou wees om met Hertzog saam te werk. Ná sy beledigende uitlatings teenoor Botha, sou dit vir Botha 'n besliste nederlaag wees indien hy Hertzog in die kabinet sou terugneem. Dit was duidelik dat Hertzog en die teenwoordige ministers nie meer saam in een kabinet sou kon sit nie. Dit was betreurenswaardig, maar waar dat Hertzog die volk aangehits en die vuur stadig maar seker aan die brand gestee het. Juis daarom het Botha besluit om kalm en bedaard te bly en liever toe te laat dat hy geblameer word, as dat hyself iets sou bydra om die vuur nog verder te stook en die gemoedere op te sweep. Volgens die inligting wat Botha ontvang het, was hy oortuig dat die kern van die kiesers by hom gestaan het en nie by Hertzog nie. Hy het egter gemeen dat daar moeilikheid was, naamlik die besluit deur die Hertzog-komitee tydens 'n demonstrasie in Pretoria om die partymasjienerie oor te neem en daarna 'n kongres byeen te roep. Botha het gedink dat die gemeenskap daarteen moes waak en dat hulle gewaarsku moes word.⁵² Hy het gemeen dat Engelenburg die beste sou weet hoe om dit teen te gaan en die publiek te waarsku.

Ik vraag niet dat iets moet gedaan worden om mij partijdig te behandelen; ik wens alleen dat het volk zuiver blijve en niet op zulk een wijze beïnvloed zal worden dat het gevolg daarvan partijscheuring zou zijn. ... Als er ooit een tijd was waarin U en onze vrienden hun best moeten doen, voor al in de Transvaal, dan is het nu.⁵³

By die skrywe van Botha se brief was Engelenburg in Kaapstad waar die Botha-kabinet vergader het. Terwyl hy daar was, het Hertzog sy bekende De Doorns-toespraak gelewer. Engelenburg het

p. 166.

⁵⁰ Anon., "De Boer", *De Volkstem*, 23.01.1912.

⁵¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1912 van F.V. Engelenburg.

⁵² NASA, Pretoria, Sentrale Argiefbewaarpaleis (SAB), Argief van die privaatsekretaris van die Eerste Minister (MEM), vol. 1/19, 1913, L. Botha – F.V. Engelenburg, 18.01.1913. Botha het die brief 1912 gedateer, maar dit moet 1913 gewees het omdat Hertzog sy Smithfield-toespraak in Desember 1912 gelewer het.

⁵³ NASA, Pretoria, SAB, MEM, vol. 1/19, 1913, L. Botha – F.V. Engelenburg, 18.01.1913.

aan Leyds, wat in Nederland gewoon het, geskryf dat dit sukkelend met die Hertzogkrisis gegaan het. Hy het dit jammer gevind dat Hertzog dit onmoontlik gemaak het om hom as minister te behou. Indien hy aangebly het, sou die Suid-Afrikaanse Party geen meerderheid in die parlement kon behou nie en sou 'n party-skeuring plaasvind. Ongelukkig moes Hertzog uit die regering verwyder word, maar daar was niks aan te doen nie. Engelenburg het gemeen dat daar vir Hertzog waarskynlik, wanneer hy afgekoel en sy fout ingesien het, wel weer plek in die kabinet gemaak sou word.

Maar zoals nu de dingen waren gelopen, verdiende hij als *enfant terrible* in de hoek te worden gezet.⁵⁴

'n Maand later het Engelenburg aan Leyds geskryf dat daar 'n oorvloed son in Kaapstad was.

En politieke stofwolken! Die Hertzog-affaire und kein Ende! Ik geloof dat allengs de storm aan 't bedaren is. U begrijpt dat ik in mijn hart en nieren pro-Hertzog ben, maar hij heeft zijn zaak onnodig bedorven en door zich onmogelik te maken, aan ons streven nadeel toegebracht.

Engelenburg het gemeen dat indien Hertzog as minister sou aanbly, hy 'n gevaar sou word vir die party waaraan hy behoort het.⁵⁵ Hoewel Engelenburg pro-Hertzog was, moes hy Louis Botha en die SAP-party ondersteun. Botha en Smuts het, soos in 'n vorige hoofstuk gemeld, die meerderheidsaandeel in *De Volkstem* gehad en hulle sou van hom verwag het om die SAP se beleid te bevorder.

In daardie stadium was Preller baie moedeloos omdat die *Volkstem*-korrespondente in Kaapstad hulle plig versuim het om hom ingelig te hou van wat daar in die Botha-kabinet gebeur. Uit 'n brief wat hy op 28 Januarie aan Engelenburg geskryf het, blyk dit duidelik dat hy afgehaal gevoel het dat die redaksielede hulle nie gesteur het aan die voorstelle wat hy in belang van die koerant gemaak het nie. Hy het daarop besluit om in die vervolg sy belangstelling tot sy daaglikse werk te bepaal "en daarmee basta". Hy was nie van plan om daarvan af te wyk nie,

⁵⁴ Nasionaal Archief (NA), Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 06.01.1913.

⁵⁵ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 12.02.1913.

... doch op 't ogenblik bevind ik mij andermaal belast met de tijdelike leiding der 'Volkstem'-redaktie.⁵⁶

Preller het ook by Engelenburg gekla omdat *De Volkstem* oor groter fasiliteite beskik het as die verteenwoordigers van die opposisiepers, maar dat, met uitsondering van Engelenburg se hoofartikel wat hy die vorige aand ontvang het, min of geen nuus aan hom gestuur word nie.⁵⁷ Engelenburg het wel moeite gedoen om Preller ingelig te hou van wat in die binnekringe van die politiek aan die gebeur was en hy het voortdurend leiding gegee oor hoe Preller dit in die koerant aan die lesers moes weergee of hoe hy die situasie moes hanteer. Hy het Preller ook meegedeel dat hy op 30 Januarie 1913 middagete saam met Botha sou geniet en dat hy daarna die nuutste nuus aan hom sou stuur. Op 1 Februarie het Engelenburg aan Preller geskryf dat hy werklik nog geen nuus gehad het nie. As bewys dat hy gedoen het wat hy kon, het hy aan Preller die “Verklaring” van generaal Botha gestuur wat *De Volkstem* eerste sou kon publiseer, indien latere verwikkelinge nie die publikasie daarvan verydel het nie.

Wij kunnen toch geen dingen openbaar maken, die de loop der onderhandelingen zouden kunnen storen!⁵⁸

Op 15 Maart 1913 het Engelenburg saam met generaal Botha en Abraham Fisher aandete in Groote Schuur geëet; die volgende dag het hy na Pretoria teruggekeer. 'n Maand later was hy weer in Kaapstad en daardie oggend het hy die Rhodes College besoek, middagete saam met generaal Botha geëet en die aand 'n afspraak met die minister van finansies, H.C. Hull, en die minister van handel en nywerheid, F.R. Moore, nagekom. Op 23 April het hy 'n onderhoud met Botha en Hull gevoer en die volgende dag met Hertzog en die Arbeiders. Engelenburg het die politieke situasie per brief aan Leyds oorgedra. Die grief wat Engelenburg teen Hertzog gehad het, was dat hy, in plaas van *binne* die kabinet in 'n goeie rigting te werk, dit buite die kabinet gedoen het “door domme agitatie”. Hertzog het, gedagtig aan hoe die mense met hom gesimpatiseer het, sy invloed oorskat, of liewer, hy het stelselmatig 'n anti-Botha-stroming begin organiseer, in plaas daarvan om in die boesem van die ministerie aktief te wees.

⁵⁶ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, G.S. Preller – F.V. Engelenburg, 28.01.1913.

⁵⁷ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, G.S. Preller – F.V. Engelenburg, 28.01.1913.

⁵⁸ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 01.02.1913.



Illustrasie 72: *De Volkstem*-redaksie in 1912. V.l.n.r.: Gustav Preller (assistent-redakteur), Frederik Rompel, F.V. Engelenburg (hoofredakteur), J.P. la Grange Lombard en Adam Boshoff.
Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-fotoversameling, no. 1767.

Nu staat hij er buiten en blijkt 't dat hij ... niet bestand is tegen Botha-Smuts. Hertzog's optreden sinds Januarie is een serie van flaters!⁵⁹

Die skeuring in die Suid-Afrikaanse Party in 1913 het daartoe gelei dat Hertzog in Januarie 1914 die Nasionale Party (NP) gestig het. Baie mense het die Suid-Afrikaanse Party (SAP) verlaat om by die NP aan te sluit.

Engelenburg het voortdurend die siel van die Transvaalse en Vrystaatse Afrikaner probeer peil. Hy het probeer verstaan waarom die twis tussen Botha en Hertzog so erg was dat daar 'n skeuring in die Suid-Afrikaanse Party plaasgevind en Hertzog sy eie party gestig het. Later jare sou hy tot die gevolgtrekking kom dat die verskeidenheid van geologiese verskynsels in die land op sy biologiese en historiese ontwikkeling moes gewerk het – 'n deterministiese siening wat met natuurwetenskaplike elemente deurspek was. Volgens Engelenburg het die formasie van Suid-Afrika se bodem gehelp om die vaderlandse geskiedenis te verklaar. Die omgang tussen Transvaal en die Vrystaat was van die begin af wisselvallig en die enigste manier waarop Engelenburg dit kon verklaar, was met behulp van die geologie. Die Vrystaat het deel gevorm van die uitgestrekte Karoo.

Transvaal is heeltemal anders en maak op 'n geologiese kaart die vertoning van 'n bont lapdeken of beter nog van 'n wilde futuristiese-skildery.⁶⁰

Daar was Pretoria met sy berge, met daarnaas die dolomietlandstreek, die Witwatersrandsisteem, en daaromheen die Ventersdorpse en Waterbergse stelsels, afgewissel met formasies soos die Pilanesbergkrater en die Noriet-komplekse. Engelenburg het gemeen dat die kontras tussen die Vrystaat se eenvormige aardkundige gesteldheid en die ingewikkeldheid van Transvaal se bodemstruktuur die sleutel was tot die verskil in minerale hulpbronne en maatskaplike sowel as staatkundige denkpatriene. Die Vrystaat het 'n taamlik gelyksoortige “steppe-zone” vertoon, terwyl Transvaal verdeel was in die Hoëveld, Bosveld, Springbokvlakte, Middelveld en Laeveld, elke gedeelte met sy eie klimaat en plantegroei en die gevolglike omstandighede van mens en dier. Die antilopparadys van die Vrystaat het gou plek gemaak vir 'n mak skaapwêreld, maar vir

⁵⁹ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 26.05.1913.

⁶⁰ F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 211.

’n lang tyd was Transvaal ’n uitsoekgebied vir rustelose jagters en nomadiese prospekteerders en proefkonyne op die gebied van die landbou. Die suidekant van die Vaalrivier het gou begin om wol uit te voer, terwyl die mense aan die noordekant nog baie jare volgehou het met ivoor en grootwildjag en later met goudontginning.⁶¹

Die Vrystaat het maklik tot ’n demokratiese modelstaat ontwikkel, waar rus, orde en welstand nagestreef is. Transvaal het uit die staanspoor ’n ongelyksoortige bevolking getrek wat dikwels aan die outokratiese metodes van sterk persoonlikhede onderwerp is. ’n Lang tyd nadat die Vrystaters hulle as die “brawe-koloniste-tipe” gevestig het, was die Transvalers nog in die minderwaardige pionierstadium. ’n Rustige patriargale parlamentsinrigting het die Vrystaat gepas. In Transvaal was ’n groot mate van individualiteit by die leiers egter onontbeerlik om die wispelturige bevolking te lei. Ten spyte van die verskille het die twee state mekaar ondersteun in tye van nood. Telkens het hulle nasionale gevoelens na eensgesindheid geneig, dog dikwels het die menslike faktor wantroue en verwydering gebring. Dat daar egter nooit ’n intieme geestesverwantskap tussen die twee volksfamilies ontstaan het nie, was altemit verklaarbaar deur die totaal verskillende geologiese formasies van hulle woongebiede en deur die biologiese geaardheid van elke gebied. Hierdie teenstrydigheid, het Engelenburg geglo, het die agtergrond gevorm waarteen die Botha-Hertzog-twis gevoer is. Terwyl Hertzog in harmonie en rustig met sy mede-Afrikaners wou leef, het Botha dieper betekenis probeer gee aan die gewelddadige inlywing by die Britse Ryk en wou hy probeer om die twee nasies – Afrikaners en Engelse – onder een vlag te verenig.⁶²

Engelenburg 25 jaar by *De Volkstem*

Voor die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het *De Volkstem*, behalwe halfweeklikse uitgawes, van tyd tot tyd spesiale uitgawes uitgegee en in Augustus 1914 het die koerant vir die tweede keer in sy geskiedenis weer as ’n dagblad begin verskyn, met ’n halfweeklikse koerant vir lesers op die platteland. In Oktober 1914 was dit 25 jaar sedert Engelenburg die redakteurskap van *De Volkstem* aanvaar het. Reeds in Februarie van daardie jaar

⁶¹ F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 211-213.

⁶² F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 211-215.

het Gustav Preller 'n klompie invloedryke persone genader. Hulle het saam besluit dat hulle hierdie unieke gebeurtenis in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse joernalistiek nie onopgemerk verby moes laat gaan nie. 'n Kommissie is derhalwe reeds vroeg in 1914 gevorm, naamlik die “Engelenburg Huldeblyk Kommissie”. Die kommissie het bestaan uit verteenwoordigers van die Nederlands-Suid-Afrikaanse pers, die oudste *Volkstem*-lesers en die vernaamste Afrikaans-Nederlandse politici van die land. Die organiseerder en sekretaris was Gustav Preller.⁶³ Generaal Louis Botha het sy ondersteuning gegee aan die plan om Engelenburg te vereer en hy was bereid om as voorsitter van die komitee op te tree.⁶⁴ Langenhoven het aan Preller geskryf:

Ik denk baie van Dr. Engelenburg en stel die gelegenheid hoog op prijs om geassosieer te wees met diegene wat hom graag hulde wil bewijs.⁶⁵

Uit Europa het dr. Leyds geantwoord dat hy graag deel van die komitee wou wees.⁶⁶ Ander persone wie se instemmingsbriewe om in die komitee te dien behoue gebly het, was kommandant-generaal C.F. Beyers⁶⁷ en J.W. Burgers.⁶⁸ Parlements lid Piet Grobler het Preller laat weet dat hy in die komitee sou dien mits dit nie vir hom nodig sou wees om vergaderings te hou of by te woon nie en mits dit 'n persoonlike eerbewys was wat niks te doen gehad het met die politieke kwessie tussen Botha en Hertzog nie. Hy kon daarvan getuig dat Engelenburg 'n knap joernalis was, 'n skrywer van goeie Nederlands en gladiator van vele nasionale gevegte in die verlede.⁶⁹

Die Engelenburg-huldeblykkommissie was uiteindelik soos volg saamgestel: generaal Louis Botha (voorsitter), kommandant-generaal C.F. Beyers, Schalk W. Burger, Jan F.E. Celliers, P.G.W. Grobler (LUR, Rustenburg), J.G. Kotze, J.B.M. Hertzog (LUR vir Bloemfontein), C.J. Langenhoven (red. *Het Zuidwesten*), W.J. Leyds (Den Haag, Nederland), J.P. la Grange

⁶³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, G.S. Preller – F.V. Engelenburg, 15.02.1914.

⁶⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, L. Botha – G.S. Preller, 08.01.1914.

⁶⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, C.J. Langenhoven – G.S. Preller, 10.02.1914.

⁶⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, W.J. Leyds – G.S. Preller, 04.03.1914.

⁶⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, C.F. Beyers – G.S. Preller, 20.02.1914.

⁶⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, J.W. Burgers – G.S. Preller, 03.02.1914.

⁶⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, P.G.W. Grobler – G.S. Preller, 09.02.1914.

Lombard sr., F.S. Malan, W.M.R. Malherbe (red. *Die Brandwag*), R.L. Preller, H.S. Pretorius, J.S.M. Rabie (red. *De Vriend des Volks*), F.W. Reitz (voorsitter van die senaat), Johann Rissik (administrateur van Transvaal), J.C. Smuts, J.J. Spies, D.P. du Toit (red. *Het Westen*), generaal Christiaan de Wet, J.P.L. Volsteedt (red. *Ons Land*), generaal Tobias Smuts, Anton van Wouw en Gustav Preller.⁷⁰ Alle *Volkstem*-lesers sou die geleentheid gegee word om 'n bydrae te lewer as blyk van waardering aan Engelenburg vir sy joernalistieke arbeid oor die tydperk van 'n kwarteeu in die nasionale belang. Die komitee wou selfs 'n beeld van hom te laat maak. Die kommissie het in daardie stadium reeds die opdrag aan Anton van Wouw, die bekende beeldhouer en 'n vriend van Engelenburg, gegee om die beeld te maak. Daar is in die vooruitsig gestel dat die beeld teen Oktober 1914 voltooi moes wees.⁷¹

Engelenburg is per brief van die kommissie se voorneme ingelig en aangesien Van Wouw minstens drie maande nodig sou hê vir die modellering, sou hy spoedig met die werk moes begin. Engelenburg was op besoek aan Kaapstad en het die brief daar ontvang. Aangesien dit onseker was of hy spoedig na Pretoria sou terugkeer en of hy van plan was om eers na die buiteland te reis, was Van Wouw bereid om na Kaapstad te reis waar Engelenburg vir die voorskets kon poseer. Die versekering is aan Engelenburg gegee dat slegs enkele poseersessies nodig sou wees en origens sou Van Wouw na aanleiding van portrette te werk gaan.⁷²

Eie aan sy beskeidenheid het Engelenburg aan Preller geskryf dat hy geëerd gevoel het, maar dat hy asseblief verskoon moes word van enige openlike demonstrasie van verering ten opsigte van sy redaksionele loopbaan. Sodanige demonstrasie sou teenstrydig met sy opvattinge en sieninge wees.

⁷⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Omsendskrywe aan die publiek, 22.02.1914.

⁷¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Omsendskrywe aan die publiek, 22.02.1914.

⁷² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, G.S. Preller – F.V. Engelenburg, 15.02.1914.

Mijn artistieke instinkten verzetten [zich] tegen viering van een 25 jarig jubileum voor geestelike arbeid ... en ik verfoei het denkbeeld ener semi-publieke betoging met de gebruikelike wierooks-wolkjes en feestelik gezichten.⁷³

Hy het die komitee verseker dat net die gedagte dat hulle hom op hierdie manier wou vereer, genoeg was om sy ego te streel, en as hy eerlik moes wees, sou hy miskien 'n klein bietjie teleurgesteld gewees het indien die 25-jarige jubileum heeltemal geïgnoreer sou word.⁷⁴

Aan generaal Botha het Engelenburg geskryf dat hy die belangstelling waardeur het. Hy was uiters gevoelig vir instemming om op prominente wyse deel te neem aan 'n sameswering teen sy aangebore terughoudendheid. "... Nu ik gewaarschuid ben, kan 't gevaar nog worden afgewend."⁷⁵ Hy kon begryp hoe 'n koning of 'n kruidenier hulle sulke demonstrasies van vreugde oor 'n 25-jarige beroepsaktiwiteit sou laat welgeval, maar nie 'n koerantskrywer nie.⁷⁶ Hy kon hom nie voorstel hoe 'n digter, 'n skilder of 'n joernalis genot daarin sou vind dat nadruk daarop geplaas word dat, presies 'n kwarteeu tevore, hy sy eerste gedig gepubliseer het, sy eerste skildery tentoongestel het of sy eerste artikel laat druk het nie.⁷⁷ Engelenburg het sy werk altyd "erg plezierig en interessant" gevind en nie die minste "opoffering of heldhaftigheid"⁷⁸ was daaraan verbonde nie. As joernalis was dit vir hom verheffend om aan die sy van generaal Botha in die openbare belang te werk.⁷⁹

Die uiteinde van die saak was dat die beeld toe nooit gemaak is nie. Nieteenstaande die feit dat Engelenburg vroeër daardie jaar gekeer het dat 'n fees ter ere van hom gereël word en nieteenstaande die sorgwekkende toestande waaronder die personeel probeer het om hulle werk te doen, het hulle tog gemeen dat dié unieke gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse joernalistiek nie heeltemal ongemerk verby moes gaan nie. Op Saterdagmiddag 31 Oktober 1914 het 'n klein feestelikheid by die *Volkstem*-kantore plaasgevind. Die personeel het dit gereël en aan

⁷³ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 21.02.1914.

⁷⁴ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 21.02.1914.

⁷⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg – L. Botha, 03.06.1914.

⁷⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg – L. Botha, 03.06.1914.

⁷⁷ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 21.02.1914.

⁷⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg – L. Botha, 03.06.1914.

⁷⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg – L. Botha, 03.06.1914.

Engelenburg 'n pragtige silwer-inkkoker as aandenking aan sy vyf en twintig jaar van arbeid as hoofredakteur van *De Volkstem* gegee. Die hele *Volkstem*-familie het by die drukkerie byeengekom en Gustav Preller het die geskenk aan Engelenburg oorhandig. Buite was 'n skare mense wat hom wou vereer. In sy bedankingstoespraak het Engelenburg die aanwesiges vertel dat hy hom in 'n stadium daarvan wou losmaak om hoofartikels te skryf en die drukkerie te bestuur, maar later uitgevind het dat hy so vasgegroeï het daaraan dat hy hom nie daarvan kon losmaak nie. Ten spyte van die vyf en twintig jaar wat hy by die koerant werksaam was, het hy gevoel dat hy nog genoeg krag en moed gehad het om dit nog vir enkele jare voort te sit. Sy rede is daarna in Engels herhaal, waarna almal verdaag het "... na 'n plek, waar die goeie wense op sterkwater geset kon word".⁸⁰

Engelenburg in Suid-Afrika voor en tydens die Eerste Wêreldoorlog

Op politieke gebied het dit in 1913 en 1914 nie goed gegaan in Suid-Afrika nie. In Mei en Junie 1913 het geskille tussen die mynbesture en mynwerkers tot 'n staking gelei. Die staking het na 63 myne versprei en meer as 18 000 mynwerkers het opgehou werk. Teen die einde van Junie het al die myners aan die staking deelgeneem en oproepe gemaak vir 'n algemene staking. Teen 5 Julie het die staking hande uitgeruk en die polisie moes met geweld ingryp.⁸¹ Aangesien die beskikbare polisie onvoldoende was, is besluit om ook van die Imperiale troepe gebruik te maak om orde te handhaaf. Generaals Botha en Smuts het op dieselfde dag in Johannesburg met die leiers van die staking onderhandel. Die meerderheid van die stakers was nie tevrede met die ooreenkoms wat tussen die generaals en lede van die stakerskomitee aangegaan is nie.⁸² 'n Gees van onrus het oor die land bly hang. Die reaksie van die regering op die staking van 1913 het veroorsaak dat duisende werkers regoor die land by verskillende vakbonde aangesluit het.⁸³ Aan die begin van 1914 het 'n tweede ernstige staking met groot geweldpleging aan die Witwatersrand plaasgevind. Dit het onder spoorwegpersoneel uitgebreek, wat ontevrede was oor

⁸⁰ Anon., "Dr. Engelenburg's 25-jarig jubileum", *De Volkstem*, 03.11.1914.

⁸¹ I.L. Walker en B. Weinbren, *2000 casualties: A history of the trade unions and the labour movement in the Union of South Africa*, pp. 33, 36-37, 41.

⁸² S.J. Pietersen, *Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914*, pp. 50, 69. Sien ook E.N. Katz, *A trade union aristocracy*, pp. 421-422.

⁸³ I.L. Walker en B. Weinbren, *2000 casualties: A history of the trade unions and the labour movement in the Union of South Africa*, pp. 33, 36-37, 41.

bewerings dat beamptes ontslaan gaan word. Spoorwegdienste is 'n tyd lank lamgelê. Sake is vererger nadat die spoorwegwerkers deur die mynwerkers gesteun is. Vir 'n tyd was Johannesburg in die mag van die stakers. Die regering was daarop voorbereid en het krygswet afgekondig.⁸⁴ In die krygswetregulasies is die verspreiding van alle opruiende lektuur, asook toesprake van dié aard, verbied. Enige offisier met kommissierang kon enige persoon verplig om enige tipe vuurwapen of plofstof aan hom te oorhandig. Enige persoon wat betrap sou word, in 'n poging om eiendom te beskadig of lewens in gevaar sou stel deur die gebruik van plofstof, kon summier doodgeskiet word. Op 'n paar uitsonderings na, byvoorbeeld vir godsdiensoefening, is alle vergaderings van meer as ses persone op openbare of private eiendom verbied. Die bewegings van die publiek of individue is ook beperk.⁸⁵ Uit die aard van sy werk moes Engelenburg saans ook werk en op 14 Januarie 1914 het hy 'n nagpas van die distrikskommandant van die Suid-Afrikaanse Polisie in Pretoria verkry:

Dr. Engelenburg, F.V. is exempted from the provisions of Police Regulation No. 3, and is permitted to be out after 10 P.M. – G.K. Hay Capt⁸⁶

Die hoofkwartier van die Vakbondfederasie was die sogenaamde Trades Hall in Johannesburg. 'n Aantal lede van die stakerskomitee en federasie het hulle teen 15 Januarie in hierdie gebou bevind en 24 vakbondlede het die gebou bewaak. Generaal Smuts het opdrag gegee dat almal in Trades Hall, met geweld indien nodig, in hegtenis geneem moes word.⁸⁷ Die Unieregering het gewapende en berede burgers, Imperiale troepe en gewapende polisielede na Johannesburg gestuur. 'n Groot aantal polisielede en gewapende burgers het die Trades Hall omsingel. 'n Veldkanon is in Commissionerstraat geplaas en op die gebou gerig met 'n ultimatum tot oorgawe.⁸⁸ Die leiers van die stakers het kort daarna 'n wit vlag deur een van die vensters gehou. 'n Aantal arrestasies van onrusstokers en leiers het gevolg en met hierdie arrestasies het die regering die stakers leierloos gelaat waardeur hulle hele modus operandi in verband met die

⁸⁴ I.L. Walker en B. Weinbren, *2000 casualties: A history of the trade unions and the labour movement in the Union of South Africa*, pp. 47-48.

⁸⁵ S.J. Pietersen, *Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914*, pp. 94-95.

⁸⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 27, Nagpas uitgereik aan F.V. Engelenburg, 14.01.1914.

⁸⁷ S.J. Pietersen, *Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914*, p. 98.

⁸⁸ I.L. Walker en B. Weinbren, *2000 casualties: A history of the trade unions and the labour movement in the Union of South Africa*, pp. 52-53.

staking in duie gestort het.⁸⁹ In 'n brief van Piet Grobler aan Gustav Preller het hy na die voorval verwys en oor generaal Smuts geskryf:

Dat jij Jannie so ophemel kan ik goed begriip, di's natuurlik van julle kant een buitenkansie en m.i. veral bedoeld ver die komende eleksie, wat julle seker gou gaat hou. Als die debatte in die Parlement egter afgeloop is, sal jij sien, dat Jannie nie 'n Napoelon (sic) is nie en die onderdrukking van die staking nie die slag bij Austerlitz is nie.⁹⁰

In dieselfde maand waarin die staking plaasgevind het, het generaal Hertzog in Januarie 1914, ná 'n lang en sielododende deurmekaarspul, die Nasionale Party gestig.⁹¹

Te midde van die politieke woeling van 1914 in Suid-Afrika het die parlement in Kaapstad steeds vergader. Engelenburg was in Junie 1914 nog in Kaapstad, waar hy die sittinge bygewoon het. Trouens, wanneer hy in die land was, was hy elke jaar getrou op sy pos in die Kaap gedurende die maande wat die parlement vergader het. Al die nuuswaardighede het hy aan Preller vir plasing in *De Volkstem* deurgegee. Oor Hertzog se eerste vergadering op Smithfield het Engelenburg die taktiek gevolg van “hoe minder gesê word, hoe beter”.⁹² Hy het aan Preller voorgestel dat die pers so min moontlik notisie neem van die vergadering. Met ander woorde, indien Preller deur Reuter of deur 'n vriend genader word vir gekombineerde koste om verslag te doen, dan moes Preller maar ontwykend antwoord. “... Hoe minder wij Hertzog adverteren, hoe beter voor de Partij, niewaar?”⁹³

Die Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst se jaarvergadering sou op 3 Julie 1914 in Bloemfontein plaasgevind en Engelenburg wou as raadslid graag teenwoordig wees. Hy het Preller gevra om dit ook by te woon. 'n Verslaggewer van *De Volkstem*, Jan Lombard, wou op Maandag 29 Junie trou, waarna hy op sy huweliksreis wou gaan. Lombard kon nie 'n slegter tyd gekies het nie, want sy huweliksreis sou met die Akademie se jaarvergadering saamval, maar

⁸⁹ S.J. Pietersen, *Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914*, p. 99.

⁹⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, P.G.W. Grobler – G.S. Preller, 09.02.1914.

⁹¹ J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd*, deel 1, pp. 183-184.

⁹² NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 19.06.1914.

⁹³ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 19.06.1914.

ook met Hertzog se vergadering op Smithfield. Uit pure radeloosheid het Engelenburg aan Preller geskryf: “... Kan hij niet een week wachten?”⁹⁴ As noodmaatreël word toe besluit dat Nathan Levi die Hertzog-vergadering moes bywoon indien generaal Botha daarop sou aandrang om ’n verslaggewer van *De Volkstem* teenwoordig te hê.⁹⁵ Lombard se huwelik het op 29 Junie plaasgevind en Engelenburg het van Kaapstad eers na Pretoria gegaan om die huwelikseremonie by te woon. Op 30 Junie het hy ook eers ’n vergadering van die onderwysraad bygewoon, waarna hy op Woensdag 31 Junie na Bloemfontein vertrek het vir die Akademie se vergadering.⁹⁶ Preller het ook die jaarvergadering bygewoon.

Aan die noordekant van die aardbol het onweerswolke begin saampak. Die Europese koloniale ryke was oor die wêreld versprei, en die Britse vloot het die oseane beheer. Duitse tegnologie het die toon aangegee. In die nywerheidslande van Wes-Europa het die lewenspeil steeds gestyg en was die gewone bevolking beter daaraan toe as ooit tevore.⁹⁷ Dit het gelyk asof die gespanne verhoudinge tussen die groot Europese moondhede besig was om te verbeter, maar die moord op 28 Junie 1914 van die Oostenrykse kroonprins en kroonprinses, aartshertog Frans Ferdinand (1863-1914) en hertogin Sophie van Hohenberg (1868-1914), het ’n grootskaalse oorlog aan die begin van Augustus laat ontbrand. Die oorlog (1914-1918), wat later as die Groot Oorlog bekend gestaan het, was die omvangrykste en vernietigendste in die geskiedenis van die mensdom tot in daardie stadium. Aan die een kant was die Sentrale Moondhede (Duitsland en Oostenryk-Hongarye) en aan die ander kant van die slagveld die Geallieerde Moondhede (Frankryk, die Britse Ryk, Rusland en Serwië). Italië het in 1915 by die Geallieerdes aangesluit, sowel as België, Luxemburg, Roemenië, Japan en uiteindelik ook die VSA, terwyl Bulgarye en Turkye hulle by die Sentrale Moondhede geskaar het.⁹⁸

Op 5 Augustus 1914 het die Suid-Afrikaanse regering ’n boodskap aan die Britse regering gestuur dat hy bereid was om die verdediging van die Unie self te onderneem sodat Engeland sy

⁹⁴ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 06.06.1914.

⁹⁵ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 19.06.1914.

⁹⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1914 van F.V. Engelenburg.

⁹⁷ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel VI, 1910-1924, pp. 1-2.

⁹⁸ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel VI, 1910-1924, pp. 5-6, 8-10.

troepe uit Suid-Afrika kon verwyder om elders te gaan dien. Twee dae later het Brittanje die aanbod aangeneem en gevra dat die Unie 'n ekspedisie stuur om Duits-Suidwes-Afrika⁹⁹ te gaan inneem. Die draadlose stasie van daardie gebied was 'n gevaar vir die skeepvaart en dit was nodig om die land in besit te neem. Botha se besluit om Duits-Suidwes-Afrika aan te val het die verdere verdeeldheid onder Afrikaners veroorsaak.¹⁰⁰ Volgens Engelenburg was Botha teësin om Duits-Wes in te val. Hy moes kies tussen die besetting van die gebied deur die Australiërs en die binnelandse wrok van die Engelse gemeenskap, of die besetting deur sy eie leërmag en die binnelandse wrok van die Afrikanergemeenskap.¹⁰¹

D.F. Malan was van mening dat geen diplomatieke of strategiese meriete dit kon regverdig om 'n gemeenskap wat skaars herstel het van die trauma van die Anglo-Boereoorlog, te dwing om saam met hulle vyand van 12 jaar tevore te veg in 'n oorlog wat ses duisend myl daarvandaan plaasgevind het nie. Malan het dit duidelik gemaak dat die regering se besluit om Duits-Suidwes-Afrika aan te val, die vonk in die kruitvat was om 'n Rebelle te laat uitbreek.¹⁰² Die opstandigheid het verskerp nadat 'n polisiekoel generaal De la Rey op 15 September by 'n polisiebeheerpunt in Langlaagte naby Johannesburg per ongeluk gedood het. Dit is verder aangeblaas deur die nuus dat generaals Botha en Smuts nie van plan was om by hulle belofte te bly dat slegs vrywilligers in die veldtog teen Duits-Suidwes gebruik sou word nie. Die feit dat burgers opgekommandeer is vir die veldtog, het uiteindelik op 'n rebellie uitgeloop. Op 6 Oktober 1914 het onluste oral in die land uitgebreek. Die drie redes vir die opstand was dat baie inwoners van die Unie geen rede gesien het om teen Duitsland te veg nie; Brittanje nie kon verwag dat Suid-Afrika namens hom moes veg nie; en baie gemeen het dat dit 'n kans was om die land se onafhanklikheid terug te kry.¹⁰³

⁹⁹ Duits-Suidwes-Afrika was ook bekend as Duits-Wes.

¹⁰⁰ B. Booyens, *Die lewe van D.F. Malan*, p. 272.

¹⁰¹ F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 223.

¹⁰² L. Korf, *D.F. Malan: a political biography*, p. 131.

¹⁰³ L. Korf, *D.F. Malan: a political biography*, pp. 129-132.

Met die uitbreek van die Rebelle het lord S.C. Buxton (1853-1934) en generaal Smuts op 12 Oktober 1914 landwyd krygswet afgekondig.¹⁰⁴ Engelenburg moes opnuut toestemming verkry om saans van sy huis na *De Volkstem* se kantore te beweeg en op 26 Oktober 1914 het die distrikskommandant toestemming aan hom verleen om daaglik ná ure uithuisig te wees.¹⁰⁵ Botha het die Rebelle met mag onderdruk en een vir een is die rebellemagte verslaan. Die uiteinde was dat die Rebelle misluk het. Dit was 'n bittere en tragiese episode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis omdat Afrikaner teen Afrikaner te staan gekom het.¹⁰⁶ Een van die tragedies van die Rebelle was die dood van Jopie Fourie, wat in Desember 1914 op 36-jarige ouderdom deur 'n vuurpeloton tereggestel is. Dit was 'n donker tyd in Suid-Afrika.¹⁰⁷ Engelenburg het gemeen dat Botha versuim het om aan te dui dat die radiostasies by Windhoek in die eerste plek die oseaanverbinding van die Unie bedreig het. Hy het ook versuim om te verduidelik dat die Unie nie kon toelaat dat 'n ander land as die Unie mag Duits-Wes inneem nie. Die publiek het ook in onsekerheid verkeer oor of die veldtog met vrywilligers of met die Unie se verdedigingsmag onderneem sou word.¹⁰⁸ Wat die veldtog teen Duits-Suidwes-Afrika betref, het Botha die Suid-Afrikaanse magte op 'n bekwame wyse aangevoer en die gebied namens Brittanje ingeneem.

Op 29 Desember 1914 het Engelenburg in sy hoofartikel in *De Volkstem* 'n paar konfidentiële ontboeseminge oor homself aan sy lesers bekend gemaak. Hy het gemeen dat die tye waarin hulle geleef het, 'n sekere mate van vertroulikheid geëis het tussen die publiek en professionele politici, onder wie hy homself getel het.¹⁰⁹ Hy het sy lesers “tot intimiteit met hun redakteur” uitgenooi en van homself gesê:

¹⁰⁴ Lord Buxton en genl. J.C. Smuts, “De Krijgswet”, *De Volkstem*, 12.10.1914.

¹⁰⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling. Toestemmingsbrief om daaglik ná ure uithuisig te wees, 26.10.1914.

¹⁰⁶ L. Korf, D.F. Malan: a political biography, p. 130. Sien ook B. Booyens, *Die lewe van D.F. Malan*, pp. 272-273.

¹⁰⁷ Anon., “Jopie Fourie. 'n Paar feite uit z'n leven”, *Spesiale Oorlogs-editie van De Volkstem*, 20.12.1914; Redaksionele kommentaar, “Fourie's fout”, *Spesiale oorlogs-uitgawe van De Volkstem*, 21.12.1914 en “Jopie Fourie ter dood veroordeel. Zijn laatste uren”, *Spesiale oorlogs-uitgawe van De Volkstem*, 21.12.1914.

¹⁰⁸ F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 306-307.

¹⁰⁹ F.V. Engelenburg, “'n Paar ontboezemingen”, *Spesiale oorlogsuitgawe van De Volkstem*, 29.12.1914.

... en al is hij in z'n beroep vergrijsd – o, nog maar 'n erg jeugdige grijsaard! – indien leeftijd zou mogen geteld worden naar herinneringen en ervaringen, dan zou de *Volkstem*-editeur 'n honderdjarige kunnen genoemd worden!¹¹⁰

Engelenburg het in ieder geval gedink dat politieke ondervinding geen kwaad kon doen vir 'n “koerantschrijver” nie. Bowendien het die redakteur altyd daarna gestreef om nie veel meer, maar ook niks minder as 'n eerbare joernalis te wees nie.¹¹¹ Hy het na die Anglo-Boereoorlog verwys en geskryf dat in militêre voorbereiding en organisasie die Boere dit nie verder kon of wou bring as amateurswerk nie.¹¹² Hy het die lesers vermaan dat dit nou van hulle self sou afhang of hulle die politiek verder wou bring as amateurswerk en in harde werk die Boere nog 'n les kon gaan leer by menige oorsese land. Daar kon nie van die volksleiers verwag word om hul ou ideale gematerialiseer te kry nie, maar wel dat hulle leiding neem in die verwesenliking van nuwe ideale. Die taak van die gemeenskap was om gemakliker bane vir die komende geslag te skep as dié waarlangs hulle self gegaan het. Die ouer mense moes nie hulle rusies as erfdeel vir die jong generasie nalaat nie.¹¹³

Engelenburg het gemeen dat die nasie in 'n periode van ontmoediging en balhorigheid verkeer het soos wat die *Volkstem*-redakteur nog nie deurgemaak het nie. Baie mense was totaal onvatbaar vir verandering. Die mense wou niks anders doen nie as om fout te vind met hulle regering en om te soek na stokke om die regering mee te slaan. Die kerklike verhoudinge was hier en daar ontwrig en op baie plekke is die maatskaplike liggaam uit sy verband geruk. Dit was asof almal in 'n nagmerrie geleef het. Hy het gehoop dat dié koors spoedig deur selfbedwang en die gesonde verstand van die publiek sou verbygaan. Hy het gemeen dat die Afrikaner 'n aangebore gawe besit het om staatkundige *imbroglios* te ontwar.¹¹⁴ Engelenburg het verwys na die staking op die Witwatersrand, die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, die Rebelle en die verdeeldheid onder die Afrikaners – wat alles in 1914 gebeur het – voorwaar 'n nagmerrie! Hy

¹¹⁰ F.V. Engelenburg, “n Paar ontboezemingen”, Spesiale oorlogsuitgawe van *De Volkstem*, 29.12.1914.

¹¹¹ F.V. Engelenburg, “n Paar ontboezemingen”, Spesiale oorlogsuitgawe van *De Volkstem*, 29.12.1914.

¹¹² F.V. Engelenburg, “n Paar ontboezemingen”, Spesiale oorlogsuitgawe van *De Volkstem*, 29.12.1914.

¹¹³ F.V. Engelenburg, “n Paar ontboezemingen”, Spesiale oorlogsuitgawe van *De Volkstem*, 29.12.1914.

¹¹⁴ F.V. Engelenburg, “n Paar ontboezemingen”, Spesiale oorlogsuitgawe van *De Volkstem*, 29.12.1914. (“imbroglios” – verstrengeling).

het deur middel van *De Volkstem* perspektief probeer bring en het die gemeenskap aangemoedig om politieke wasdom te bereik.

Vir die Engelenburgfamilie in Nederland was die Eerste Wêreldoorlog 'n traumatiese ervaring. 'n Maand ná die uitbreek van die oorlog het mev. Engelenburg-Vermandel, die derde vrou van Engelenburg se vader, oor die toestande in Nederland geskryf. Haar man was siek aan brongitis as gevolg van, volgens die dokter, die baie stof in die lug. Dit was daardie Augustus 'n besondere droë maand. Oor die oorlog in Europa het sy geskryf dat niemand gedink het dat in 'n tyd van beskawing iets so monsteragtigs soos 'n oorlog op so 'n groot skaal nog moontlik was nie. Die gevegte het tot vlak aan die Limburgse grens gegaan en België het geweldig daaronder gely. Gruweldade het daar plaasgevind wat in die barbaarse Middeleeue tuisgehoort het. Die laaste berig wat hulle ontvang het, was die afbrand en totale vernietiging van Leuven. Nederland was toe nog gespaar van al die ellende, omdat die land sy neutraliteit afgekondig het, wat deur Duitsland gerespekteer is.¹¹⁵ 'n Jaar later het Engelenburg se vader, toe 79 jaar oud, uit Villa Erica, Wilhelminapark, Apeldoorn, geskryf dat hy gehoop het dat 1916 'n vredesjaar sou word.¹¹⁶

In Suid-Afrika het Engelenburg gedurende die oorlog staat gemaak op die Reuter-kabelboodskappe. Terwyl Engelenburg se agente nuus in Suid-Afrika versamel het om aan die pers in Europa en Groot-Brittanje te stuur, het Reuter op sy beurt berigte uit die buiteland vir die nuusblaaie in Suid-Afrika gestuur. Reuter het bewustelik op hierdie wyse propaganda vir Brittanje gemaak. Die Afrikaanse pers het met verloop van tyd 'n doeltreffende teenmiddel gevind, naamlik die bespreking van buitelandse aangeleenthede in 'n afsonderlike rubriek op 'n prominente plek in die koerant.¹¹⁷ Rempel was Redakteur: Buiteland van *De Volkstem*. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het hy groot bekendheid verwerf vir sy deeglike beskouinge oor buitelandse aangeleenthede. Hy het veral naam gemaak vanweë sy merkwaardige insig in

¹¹⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, G. Engelenburg-Vermandel – F.V. Engelenburg, 30.08.1914 en 03.09.1914.

¹¹⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, F.T.V. Engelenburg – F.V. Engelenburg, 21.11.1915.

¹¹⁷ J.H.O. du Plessis, *Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling*, pp. 387-392.

verband met die verloop van die oorlog.¹¹⁸ Met die toestemming van Engelenburg het Rompel die stelsel ingevoer om 'n "buitelandse oorsig" in *De Volkstem* te skryf.¹¹⁹ Die oorsigte was onpartydig en daardeur het Rompel groot status aan *De Volkstem* verleen. Sy selfstandige uiteensetting van wêreldgebeure was dikwels lynreg in stryd met die Reuter-propaganda en dit het Reuter se beskouings in 'n groot mate geneutraliseer. Veral in die oorlogstyd was dit 'n doeltreffende middel vir die bekamping van eensydige oorlogspropaganda.¹²⁰ Soms is 'n kabelgram van 'n paar woorde met 'n volle kolom beskouings aangevul. Die Engelse pers was woedend daaroor, want die owerheid moes besluit wat die publiek moes weet en wat nie. Baie van Engelenburg se vriende het hom vermy omdat hy toegelaat het dat Rompel in *De Volkstem* die Reuter-kabelboodskappe van voetnote voorsien het.¹²¹ Engelenburg het soms by die Pretoria Klub geëet en as een van sy min vriende nie die aand ook in die klub was nie, wou niemand anders met hom kaartspeel nie. Volgens Frederik Rompel het generaal Botha ook nie van die oorlogskommentaar gehou nie en soms het hy baie harde woorde teenoor Engelenburg gebruik.¹²²

Dit het meermale geblyk dat Rompel se ontleding van die oorlogstoestand veel betroubaarder was as die amptelike mededeling. Sy bevindinge was minder gunstig vir die Geallieerdes en dit het meermale daartoe gelei dat die Pretoriase jingo's gedreig het om die gebou van *De Volkstem* aan die brand te steek. Rompel het egter die onverdeelde steun van Engelenburg geniet. Hy is nooit in enige opsig aan bande gelê nie en dwarsdeur die oorlogsjare het *De Volkstem* in verantwoordelike kringe sy posisie gehandhaaf as die blad wat die beste voorligting in die hele land oor buitelandse aangeleenthede verskaf het.¹²³ Tydens die oorlog is die daaglikse stand van die leërs aan die verskillende fronte op groot kaarte voor die vensters van die *Volkstem*-kantore aangebring en elke dag het mense, ook Engelse, voor die kaarte gestaan en die oorlog bespreek.

¹¹⁸ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, pp. 91-92.

¹¹⁹ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 92.

¹²⁰ J.H.O. du Plessis, *Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling*, pp. 387-392.

¹²¹ Anon., "Dr. Engelenburg tree af. Suid-Afrika se veteraan-joernalis. Helper in groot deel van Suid-Afrika se geskiedenis", *Die Burger*, 06.10.1924.

¹²² F. Rompel, "Oorlogsherinneringe van 'n joernalis oor gewilde en ongewilde voetnote by kabelnuus", *Die Volkstem*, 28.12.1928.

¹²³ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, pp. 91-92.

Gewoonlik het die Engelse publiek hulle eie koerant saamgebring om te vergelyk en dan moes hulle erken dat die Engelse pers sy lesers nie ten volle ingelig het oor wat aangaan nie.¹²⁴

Op 7 Mei 1915 is die *Lusitania*, 'n skip van die Cunard-redery, aan die Ierse kus sonder waarskuwing deur 'n Duitse duikboot, die U20, getorpedeer. Die skip was van New York onderweg na Liverpool. Die reuseskip, een van die heel vinnigste en grootste passasierskepe in die wêreld in daardie jare (ongeveer 240 meter lank en met 'n gewig van 36 500 metrieke ton), het binne 20 minute gesink met 'n menseverlies van 1 198. 'n Maand ná die voorval het anti-Duitse onluste in Pretoria uitgebreek, onder meer met 'n aanval op die kantoor van *De Volkstem* omdat die oproeriges verkeerdelik gedink het dat dit 'n Duitse firma was.¹²⁵ Onder die slagoffers van die aanval op die *Lusitania* was ook minstens een Pretorianer, Cathy Dougall, die mooi en talentvolle dogter van een van Eugène Marais se susters.¹²⁶ Omdat ander geboue ook geteiken was, kon die polisie nie oral beskerming gee nie, met die gevolg dat die redaksiekantoor van *De Volkstem* vrywilligers gewerf het om die gebou te beskerm. Daardie aand was 'n hele wag voor die gebou opgestel. Aan die oorkant van die straat het die Engelse seksie stelling ingeneem. Die koerantewag was onder leiding en bevel van die hoofredakteur, Engelenburg, en die “vyandelike magte” onder aanvoering van die hoofredakteur van die *Pretoria News*. Toe die twee groepe vir 'n paar uur dreigend teenoor mekaar gestaan het en om die beurt hulle vaderlandsliedere gesing het, het die twee “opperbevelhebbers” in die middel van die straat, op “Niemandland”, bymekaar gekom en op 'n “wapenstilstand” en “vredesluiting” besluit. Daar is geen skriftelike “verdrag” gesluit nie, maar die twee partye het hulle trou aan die ooreenkoms gehou.¹²⁷ Die gemoedere het in Mei 1915 steeds hoog geloop en die brandlus en wraaksug het nog nie afgekoel nie. Mense het onder die voorwendsel van Britse patriotisme aan 'n winkel in Pretoria waar *De Volkstem* verkoop is, gesê dat indien hulle sou voortgaan om dié koerant te verkoop, hulle die

¹²⁴ F. Rempel, “Oorlogsherinneringen van 'n joernalis oor gewilde en ongewilde voetnote by kabelnuus”, *Die Volkstem*, 28.12.1928.

¹²⁵ F. Rempel, “Oorlogsherinneringen van 'n joernalis oor gewilde en ongewilde voetnote by kabelnuus”, *Die Volkstem*, 28.12.1928.

¹²⁶ Anon., “De Volkstem” and it's pledges”, *Pretoria News*, 03.06.1915.

¹²⁷ F. Rempel, “Oorlogsherinneringen van 'n joernalis oor gewilde en ongewilde voetnote by kabelnuus”, *Die Volkstem*, 28.12.1928.

plek sou boikot. Ander winkeleienaars is geskakel en gedreig dat hulle winkels afgebrand sou word.¹²⁸

De Volkstem moes voortgaan om nuusgebeure aan sy lesers te verskaf en in November 1915 het Engelenburg Preller gevra om sy vakansie te onderbreek om die parlamentsittinge namens hom by te woon. Preller was in daardie stadium in Caledon by 'n rusoord. Engelenburg het in die fynste besonderhede aan Preller beskryf wat hy alles moes doen gedurende die tyd dat hy die sitting bywoon. Engelenburg het van Preller verwag om koerantknipsels uit *Ons Land* of *Die Burger* van toesprake van belangrike persone of van belangrike aard na *De Volkstem* se kantoor in Pretoria te stuur. Verder moes hy telegrafiese aanvulling van Reuter-verslae stuur soos nodig. Reuter sou wel 'n aanduiding gee van wat in die parlement plaasvind. Dit het veral gegeld vir die aandsittinge wat moontlik nie, of slegs gedeeltelik, in die *The Rand Daily Mail* sou verskyn nie. *The Rand Daily Mail* was in daardie stadium die enigste bron van inligting oor wat die vorige middag in die parlement gebeur het. Preller moes ook galerynotas met interessante inligting en beskouinge oor wat in en om die parlement gebeur, na Pretoria telegrafeer. Blouboeke en ander amptelike sake sou deur Engelenburg in Pretoria hanteer word. Hy sou die inligting uit Kaapstad aanvra. Ander stukke wat Engelenburg benodig het, moes Preller vir hom aanstuur. Preller se verdere opdragte was dat hy kortliks die hoofinhoud van Blouboeke en ander stukke wat bespreek is, moes opstel indien hy rede gehad het om te vermoed dat Reuter dit nie volledig gedoen het nie of indien die inhoud spesiaal van belang was vir die *Volkstem*-lesers. Preller moes ook moeite doen om voor 'n sitting vir Engelenburg telegrafies te laat weet wie die speaker, voorsitter en andere was, asook oor die samestelling van die Botha-kabinet, indien daaromtrent nog enige twyfel bestaan het.¹²⁹ Engelenburg het aan die hand gedoen dat Preller Nathan Levi se voorstel moes opvolg om 'n "schryfmachine" by die firma Remington te huur wat hy kon gebruik om sy verslae en berigte te tik.¹³⁰

¹²⁸ Redaksionele kommentaar, "Beschaafde maniere", *De Volkstem*, 15.06.1915.

¹²⁹ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 04.11.1915.

¹³⁰ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 04.11.1915.



Illustrasie 73: *De Volkstem*-gebou in 1915 net na die opstande in Pretoria.
Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-fotoversameling, no. 1649.



‘n Massagraf in Ierland vir die slagoffers van die Lusitania. Dit is algemeen gesien as ’n barbaarse daad teen gewone burgers.



Illustrasie 74: Op 11 en 12 Mei 1915 is Duitse besighede en huise in Londen in die buurte van Poplar, Bethnal Green, Walthamstow en Camden Town aangeval. Die plekke is totaal vernietig. Meubels, tapyte, houtdeure, vensterrame, balke, ensomeer is uitgeruk. Net die kaal dop van die geboue het oorgebly. Selfs worshonde wat as “Duitsers” bestempel is, is geskop en gemartel en in ten minste een geval lewendig verbrand. Bron: M. Patton, “London’s anti-German riots, May 1915” by <http://englishhistoryauthors.blogspot.com/2014/06/londons-anti-german-riots-may-1915> (geraadpleeg op 07.11.2014).